Dr. M. C. Smit, *Het Goddelijk Geheim in de Geschiedenis*, Kampen 1955. 34 bladsye, prys in Nederland *f*1.25.

*Het Goddelijk Geheim in de Geschiedenis* is die rede wat Dr. M. C. Smit uitgespreek by sy ampsaanvaarding as Hoogleraar in die Geskiedenis van die Middel Eeue en in die Teorie van die Geskiedenis aan die Vrije Universiteit te Amsterdam op 27 September 1955.

In 'n wysgerig-theologiese betoog vra die skrywer aandag vir die "transmundane relatie" waarin God die mens én die geskiedenis opneem. Dit is vir die historikus belangrik om die werklikheid van die geskiedenis nie net te benader vanuit die gewone „wêreldlike gebeurtenisse" nie, maar om ook die relasie met en tot God in ag te neem. Die probleem bly egter, soos Prof. Den Boer dit in sy boekie „Benaderbaar verleden" gestel het, dat die historikus nie anders kan as om sy eie oortuiging, wat agter sy geskiedskrywing lê, ook uit te spreek nie. Daarom bly dit 'n ope vraag wetenskapliker is om te sê: Leiden was in 1574 in die hoogste nood en toe het 'n groot storm opgesteek, of om te sê: Leiden was in 1574 in die hoogste nood en toe het *God* deur middel van 'n storm uitredding gebring.

Die skrywer maak egter beslis beswaar teen die gewoonte om in bepaalde los gebeurtenisse in die geskiedenis „Gods hand" te sien. Aan die ander kant verwerp die skrywer ook die gedagte dat die historikus hom van 'n oordeel oor Gods handele in die geskiedenis sal onthou. „God moet niet blijven buiten onze affirmaties van het concrete" (blz. 31).

By hierdie oortuiging van die skrywer kom mens dan natuurlik tereg op die terrein van die theologiese oriëntering en van die subjektiewe waardering en dan hang die geskiedskrywing daarvan af hoe nugter ons die „transmundane relatie" benader. 'n Doornige kwessie.

Ten besluite, 'n interessante geskrif, wat alhoewel dit soms aan helderheid ontbreek, beslis ook by die nie-historici aanbeveel kan word.

A. D. Pont.